



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2014

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2
MEMORANDUM**

PUNTE: 60

Hierdie memorandum bestaan uit 7 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****Nasien van die leesbegrip:**

1. Spelfoute en eenwoord-antwoorde word slegs gepenaliseer as dit die betekenis van die woord verander.
2. Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
3. By oop vrae word geen punte toegeken vir JA / NEE / EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ ONWAAR of FEIT-/ MENING-vrae, word die punte verdeel:
1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en
1 punt vir die rede motivering/aanhaling.
As die leerder se WAAR / ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
As die leerder se WAAR / ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
5. Geen penalisering vir aan- of afwesigheid van aanhalingstekens nie, al word 'n aanhaling gevra.
6. Waar eenwoord-antwoord gevra word en die leerder 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
7. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die leerder gee 'n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
8. Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
9. Aanvaar dialektiese variasies.
10. By meervoudigekeuse-vrae word beide die letter EN die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

AFDELING A: LEESBEGRIIP**VRAAG 1**

VRAAG TEKS A	MEMORANDUM	PUNT	DENK- VLAK	
1.1	“spansport” ✓	1	1	
1.2	Geen spelers mag hul hande of arms gebruik nie, behalwe die doelwagter. ✓	1	1	
1.3	1.3.1 Feit ✓	1	4	
	1.3.2 “internasionaal” ✓	1	4	
1.4	“wêreldwyd gebeeldsend” ✓	1	2	
1.5	“D / Die Sokkerwêreldbeker word jaarliks gehou	1	2	
1.6	Die land wat die wêreldbeker aanbied / die land waar die toernooi gespeel word.	1	3	
1.7	Die gasheerland speel nie in die kwalifiserende rondtes nie en is onmiddellik deel van die wêreldkampioenskap. ✓	1	3	
1.8	“Brasilië het al vyf keer gewen ...” ✓ (Let wel: 'n sinsdeel)	1	2	
1.9	A / 'n dans ✓	1	3	
TEKS B				
1.10	inhuldigingstoespraak. ✓	1	1	
1.11	rugby ✓	1	3	
1.12	1.12.1 onwaar ✓	1	3	
	1.12.2 Dit is net benoem. ✓	1	3	
1.13	1.13.1 Kaapprovinsie/Wes-Kaap (moet provinsie wees). ✓	1	2	
	1.13.2 Gauteng (moet provinsie wees) ✓	1	2	
1.14	Almal glimlag ✓	1	3	
1.15	Khaya Ngweya ✓	1	1	
1.16	20 jaar ✓	1	3	
1.17	Leerder se respons MOET oortuigend en logies wees bv. ✓ Nelson Mandela – Sy leierseienskappe Mark Shuttleworth – van internet-miljoenêr en entrepreneur, op 28 word hy wêreld se tweede toeris in die ruimte – (bv. dien as inspirasie) Presley Chweneyagae – oornag 'n ster geword. Francois Pienaar – Springbokkaptein wat span tot oorwinning gelei het. (bv. dien as inspirasie) Charlize Theron kom van 'n dorp buite Johannesburg – Benoni en word 'n beroemde aktrise. (bv. dien as inspirasie)	1	5	

TOTAAL VIR AFDELING A (20 ÷ 2): 10

AFDELING B: TAAL IN KONTEKS**VRAAG 2****ASSESSERINGSRIGLYNE:****WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees om punte te verdien.
- Die standaardvariant geld.

SINSTRUKTURE

- Die “ge-” moet as een woord met die werkwoord geskryf word.
- Die “te” moet in verbinding met die infinitief as twee woorde geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streektaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat soos volg moet begin, moet die sin uitgeskryf word.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.

VRAAG 2

VRAAG	MEMORANDUM WOORDSTRUKTURE	PUNT	ASSESSERING	DENK- VLAK
2.1	figuurlik ✓	1	Identifiseer verskil tussen figuurlike/letterlike begrip	1
2.2	vyftien ✓	1	Gebruik die korrekte skryfwyse vir telwoorde	2
2.3	graad ✓	1	Gebruik van afkorting	2
2.4	beste ✓	1	Gebruik oortreffende trap korrek	1
2.5	wenner ✓	1	Gebruik van persoonsnaam korrek	3
2.6	blitsvinnig ✓	1	Korrekte intensiewe vorm	1
2.7	daaglik ✓	1	Gebruik korrekte bywoord	2
2.8	waarin ✓	1	Gebruik betreklike vnw. korrek (wat + voorsetsel)	2
2.9	viets ✓	1	Herken/onderskei homofone	2
2.10	stede ✓	1	Gebruik meervoud korrek	1
2.11	skare ✓	1	Korrekte gebruik van versamelnaam	2
2.12	vis ✓	1	Gebruik van korrekte vergelyking.	2
		[12]		

VRAAG 3: SINSTRUKTURE

VRAAG	MEMORANDUM WOORDSTRUKTURE	PUNT	ASSESSERING	DENK- VLAK
3.1	Ek sal baie graag na 'n modern vyfkampwedstryd wil gaan kyk. ✓	1	Gebruik die toekomstige tyd korrek sal + werkwoord	3
3.2	Jy moenie hard werk nie. ✓	1	Gebruik die ontkenende vorm korrek.	2
3.3	Shani sê: "My afrigter is baie streng." ✓✓	2	Gebruik indirekte rede korrek. Voornaamwoorde verander haar>my en die werkwoord (is) skuif.	2
3.4	Die atlete behoort geduldiger te wees. ✓	1	Korrekte gebruik van infinitief.	3
3.5	Shani is baie opgewonde omdat sy die top-nasionale atleet in moderne vyfkamp is. ✓	1	Gebruik voegwoorde akkuraat. Werkwoord in 2 ^{de} sin skuif na die einde van sin na die gebruik van voegwoord (groep 3).	2
3.6	Ek is 'n wenner. ✓	1	Verander die vraagsin na stelsin	1
3.7	A daar is geen beter plek as Shani se eie huis nie. ✓	1	Korrekte gebruik van die idioom.	2
3.8	Die 3 km veldloop is verlede jaar deur Shani gewen. ✓✓	2	Gebruik die lydende vorm korrek.	3
		[10]		
VRAAG 4				
4.1	Letterlik. Hulle gebruik die tafel om die spel te speel. / Hulle slaan nie 'n bal nie, maar eerder die tafel. ✓✓	2	Korrekte gebruik van letterlike en figuurlike betekenis.	2
4.2	Sweet tap van sy gesig af. ✓ Sy oë is groot. ✓ Dit lyk of hy weghardloop. ✓ (Enige 2)	2	Visuele afleidings van gevoelens.	3
4.3	Die speler is woedend / Die speler is aggressief. ✓	1	Visuele afleidings van gevoelswaarde.	2
4.4	Vind dit snaaks dat hul 'n tafel gebruik om tafeltennis te speel. ✓	1	Toets van houding, sosiale waardes en voorkeure.	2
4.5	Gewild ✓	1	Korrekte gebruik van sinonieme.	2
4.6	oumense ✓	1	Korrekte gebruik van teenoorgestelde.	1
		[8]		

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: OPSOMMING**VRAAG 5: TOP WENKE HOE OM SUKSESVOL TE WEES AS JY AAN DIE AKTV REDENAARSKOMPETISIE WIL DEELNEEM.****ASSESSERINGSRIGLYNE:****ALGEMEEN**

- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien 'n poging in potlood aangewend word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied. 'n Opsomming in die verkeerde formaat MOET nagesien word. (Sien PUNTETOEKENNING).
- Indien die opsomming te KORT is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE.
- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. Ignoreer die res van die opsomming.
- Kandidate hoef nie 'n titel te verskaf nie.
- Slegs feite wat in VOLSINNE aangebied word, verdien punte. 'n Volsin het 'n werkwoord / werkwoorde.
- Indien daar TWEE feite in EEN sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s = 3 woorde.
- Kandidate MOET die KORREKTE getal woorde aandui. Tel slegs indien dit duidelik is dat daar te veel woorde is en die kandidate nie die korrekte getal aangedui het nie. (Sien PUNTETOEKENNING).
- Kandidate wat die getal woorde na elke sin neerskryf in plaas van aan die einde van die opsomming, voer nie die opdrag uit nie en word met een punt gepenaliseer.

PUNTETOEKENNING

ALGEMEEN	PUNTE
- Feite	7
- Taal	3

TAAL	PUNTE
1-3 Feite korrek	1
4-5 Feite korrek	2
6-7 Feite korrek	3

SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal of vertikaal)

F	7
T	3
	10

LET WEL:

Formaat:

- Selfs indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied word, moet dit geassesseer word.
- Kandidate word nie geenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

Woordtelling:

- Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.
- Indien die kandidaat se opsomming te lank is (meer as 60 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 60), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie geenaliseer nie.

AANHALINGS / MOONTLIKE VERWERKING

1. Jou onderwerp moet beredeneerbaar wees.
2. Oefen ten minste elke dag 'n onvoorbereide toespraak.
3. Praat met die gehoor soos wat jy met jou familie of vriende praat / Praat natuurlik.
4. Jou toespraak moet 'n goeie struktuur hê.
5. Ervare sprekers moet direkte oogkontak maak./ Hou altyd oogkontak met die gehoor.
6. Oefen om gemaklik voor 'n gehoor te wees. / Ontspan voor 'n gehoor.
7. Jy moet 'n doeltreffende inleiding hê. / Jy moet 'n doeltreffende inleiding en slot hê./ Die inleiding en slot is belangrik.

TOTAAL AFDELING C: 10
GROOTTOTAAL: 60
VERWERKTE TOTAAL (60 ÷ 2): 30